

Dinsdag 15 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38

Fokusgedeelte: Handeling 20:35b

Die Heilige Gees wek ons op tot diensbaarheid

Daar is verskeie ooreenkomste tussen Jesus Christus se laaste reis na Jerusalem en Paulus se laaste reis na Jerusalem. Beide waarsku oor valse profete wat sal kom om die kerk te probeer verlei. Beide was haastig om in Jerusalem uit te kom – Jesus om daar aan die kruis vir ons sondes te sterf, en Paulus wat ten spyte van vele waarskuwings Jerusalem toe wou gaan, bereid om gevang te word en sy lewe af te lê ter wille van die Here Jesus (Hand. 20:24; 21:13).

Jesus sê kort voor sy kruisiging dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Mark. 10:45). Hy illustreer dit deur soos 'n slaaf sy dissipels se voete te was (Joh. 13). Die grootste deel van Paulus se boodskap aan die ouderlinge van Efese gaan daaroor dat hulle moet onthou hoe hy die gemeente met groot opoffering gedien het, sonder om iets terug te verwag. Hy sluit sy boodskap af met 'n uitspraak van ons Here Jesus: “Om te gee, is saliger (maak 'n mens gelukkiger) as om te ontvang.”

Op die oog af spog Paulus oor sy werk. Ons moet egter onthou dat die boek Handeling vertel hoe die Heilige Gees die kerk van Christus vestig. Dit is die Heilige Gees wat Paulus aanvuur om al meer die beeld van Christus in sy lewe te vertoon. Paulus vertrou die ouderlinge toe aan God en sy Woord van genade, juis omdat God die Heilige Gees magtig is om hulle op te bou deur die Woord van genade (Hand. 20:32).

Daar is baie weldoeners in die wêreld, maar nie alle dade het ewigheidswaarde nie. Dade wat die Heilige Gees deur middel van die Woord van genade in ons bewerk, het werklik waarde en bring ware geluk.

Sing: Psalm 128-1:1 of 128-2:1

Prof. PP Krüger (Paul) (Emeritus)